**OMGEWINGSIMPAKBEOORDELING**

**OPENBARE DEELNAMEPROSES: BASIESE IMPAKBEPALING**

**Departement van Omgewing en Natuurbewaring Verw. Nr: NC/BA/34/NAM/NAM/SPR3/2013 (NCP/EIA/0000248/2013**

**VOORGESTELDE RESIDENSIËLE ONTWIKKELING OP ERWE 4995, 4997, 5007 EN 5009 HARMONY ESTATE, SPRINGBOK**

Aansoek om Omgewingsmagtiging in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur (NEMA) 1998, (Wet Nr. 107 van 1998) soos gewysig en die Omgewingsinvloedbepalings Regulasies van 2010.

Kennis word hiermee gegee van 'n openbare deelname proses ingevolge die Omgewingsinvloedbepalings Regulasies 2010 uitgevaardig in terme van artikel 24 (5) van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 2008 (Wet Nr. 107 van 1998).

Projek Voorstel: Die voorgestelde projek behels die konstruksie van woonhuise en verwante infrastruktuur op erwe 4995, 4997, 5007 and 5009 Harmony Estate, Springbok. Toegang tot die erwe sal verkry word vanaf Libertystraat (Sien **Uitlegplan**)

**Ligging**: Erwe 4995, 4997, 5007 en 5009 is geleë suid van Henry Markusstraat en wes van Inrystraat in Harmony Estate in die noordelike gedeelte van Springbok. Die eiendom is geleë binne die stedelike randgebied. CORNAM PROPERTY DEVELOPMENT CC is die eienaars van die eiendom. (Sien **Liggingskaart**)

**Alternatief 1**: **Alternatief 1**:Die voorgestelde konstruksie van woonhuise op erwe 4995, 4997, 5007 en 5009 Harmony Estate, Springbok. Terrein koördinate: $29^0$ 39' 08,37" S en $17^0$ 53' 11,14" O

**"Status Quo" (Bestaande toestand) Alternatief:** Die alternatief om nie voort te gaan met die aktiwiteit nie sal alleenlik aanbeveel word indien ernstige kwessies tot gevolg sal hê dat die projek problematies word.

**Aansoeker: CORNAM PROPERTY DEVELOPMENT CC**

**Aansoek vir omgewingsmagtiging in terme van die Wet op Nasionale Omgewingsbestuur, 1998 (Wet Nr. 107 van 1998) om die volgende aktiwiteit te onderneem:**
Gelyste aktiwiteit in terme van Goewermentskennisgewing Nr. R.544 (Gelyste Kennisgewing 1, gedateer 18 Junie 2010), Aktiwiteit Nr. *11: Die konstruksie van: (x) geboue wat 50 vierkante meter in grootte oorskry; of (xi) Infrastruktuur of strukture met 'n dekking van 50 vierkante meter of meer, waar sodanige konstruksie plaasvind binne 'n waterloop of binne 32 meters van 'n waterloop, gemeet vanaf die rand van die waterloop, uitgesluit waar sodanige konstruksie sal plaasvind agter die ontwikkelings terugsetlyn.*

'n Agtergrondinligtingsdokument (AID) is vir openbare inspeksie beskikbaar by die Openbare Biblioteek Bergsig,(Ure:Maandag tot Donderdag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 17h00; Vrydag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 15h45, asook by die Openbare Biblioteek Springbok (Ure: Maandag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 17h50; Dinsdag tot Donderdag: 09h30 – 13h00 & 13h45 – 16h50; Vrydag: 09h30 – 13h50. 'n Afskrif kan ook aangevra word by die ondergenoemde omgewingsimpakbepalings praktisyn.

Om geregistreer te word as 'n Belanghebbende en Geaffekteerde Party (B & GP) verwys asseblief na die verwysingsnommer hierbo en stuur u naam en kontakbesonderhede (voorkeur-metode van kennisgewing, bv E-pos adres of faksnommer) en' n aanduiding van enige direkte sake-, finansiële , persoonlike, of ander belange wat u het in die aansoek na die ondergenoemde omgewingsimpakbepalings praktisyn. Die sluitingsdatum vir registrasie as 'n Belanghebbende & Geaffekteerde Party en voorlopige kommentaar is 20 Januarie 2014. Verdere inligting oor die aansoek kan verkry word van die ondergenoemde omgewingsimpakbepalings praktisyn.

**Omgewingsimpakbepalings Praktisyn**:
Enviro Logic, Posbus 3731, Tygervallei, 7536.
Faks: (021) 919 4048; E-pos : gpec12@telkomsa.net
Kontak: Gert Pretorius Sel: 082 458 9844

Datum van kennisgewing: 29 November 2013